



Geagte Ouer/Voog

Dankie dat u en u gesin deel is van ons diverse gemeenskap, waar mense nou al meer as 'n honderd verskillende tale praat. Prince William County- publieke skole wil graag vir elke leerling 'n *wêreldklas-onderwys bied*. Om met gesinne saam te werk, is noodsaaklik vir daardie proses. Daarom bied ons sekere basiese inligting om elke ouer en voog te help om meer te leer en betrokke te raak by hul kind se opvoeding.

Al skoolmateriaal is in Engels; ons laat egter voortdurend belangrike dokumente en inligting in die ander algemene versoekte tale in ons area vertaal.

Daar is belangrike inligting en inligting wat gereeld bygewerk word vir sprekers van die meeste tale, op beide Prince William County- publieke skole se webwerf (pwcs.edu) en individuele skole se webwerwe. Google se vertalinginstrument is op al die webwerwe beskikbaar vir beperkte vertaling in meer as 50 tale. Masjienvertalings is dikwels onvolmaak, maar bied steeds waardevolle skakels na skoolinligting. Indien u nie 'n rekenaar tuis het nie, kan u een in die openbare biblioteek gebruik.

Die belangrikste is dat die skooldivisie toegang bied tot professionele tolke om sprekers van byna enige taal te help om dokumente te verstaan wat noodsaaklike inligting bevat oor student- en ouerregte, hul pligte, verwagtinge, en ander sake wat met skool verband hou, asook die voordele en dienste wat studente kan kry. Tolke kan tydens ouerkonferensies met hierdie sake help om te verseker dat almal se insette oorgedra en verstaan word. Hierdie dienste word gratis aan gesinne voorsien.

Gebruik enige van hierdie metodes om spesifieke bystand te kry.

- Aanlyn: besoek translations.pwcs.edu.

- Persoonlik: besoek u kind se skool. Dit is onwaarskynlik dat 'n spreker van u taal beskikbaar sal wees. 'n Werknemer sal egter 'n plakkaat gebruik om u by te staan.

In alle gevalle sal u gevra word om die volgende te gee:

- U naam en die naam van u kind;
- U kind se skool, graad of skooljaar, en onderwyser se naam;
- Die persoon (se naam of postitel) met wie u wil gesels, en waaroor u wil gesels; en
- By watter foonnommer en hoe laat dit vir u die beste geleë is om geskakel te word.

Indien u kind 'n boodskap van skool af bring wat versoek dat u 'n afspraak maak; of indien u iets met 'n onderwyser of ander skoolbeampte wil bespreek, gebruik die metodes hier bo om 'n tolk aan te vra, om met met hierdie belangrike gesprekke te help. Iemand sal so gou as moontlik na u terugkom.

Om betrokke te wees, kan 'n positiewe verskil in u kind se opvoeding maak. Ons wil graag help deur hierdie dienste vir u beskikbaar te stel. Ons hoop dat hierdie brief dit duidelik stel dat Prince William County- publieke skole tot u en u kind verbind is. Ek is vol vertroue dat almal van ons die begeerte deel dat elke leerling wêreldklas-onderwys ontvang.

Vriendelike groete



Dr. Steven Walts
Skoolsuperintendent

*Wanneer u pwcs.edu besoek, kyk uit vir die kleurvolle aardbol om bladsye te kry met die inligting wat in hierdie boodskap beskryf word.

